

Ondanks laat aanplantings in sommige gebiede, uiters droë en koue toestande en verkeerde bestuursbesluite soos te hoë plantdigthede, het kanola-aanplantings in die binneland gedurende 2009 getoon dat dié gewas baie voordele in die somersaaigebied bied. Dit is wyd aangepas en behoort as wisselbougewas vir koring en mielies oorweeg te word, sê Petrus Fouché, hoofbestuurder van Phyto Pharming, landbou-arm van PhytoEnergy.

Aanplantings in distrikte wat wissel van Reitz, Bethlehem, Clarens en Bloemfontein tot in Hartswater wat vir weiding en vir weiding/oes gemaak is, het te midde van ongunstige praktyke en toestande belowende opbrengs en goeie, herhaalde weiding gebied.

Dit is algemene kennis dat kanola bykomende voordele vir opvolggewasse bied, soos die verbetering van grondgehalte en opbrengsverhogings en

Hoewel kundiges van wisselbougewasse vrae het oor hoe kanola onder somerreëvaltoestande met min grondvog in die winter sal presteer, geld dieselfde kwessies vir gewasse soos koring, hawer en rady. Dieselfde faktore wat 'n rol by ander gewasse speel, soos grondtemperatuur met planttyd, blom en saadontwikkeling, sal met kanola-aanplantings ter sprake wees. Intendeel, die weke langer blomtydperk van kanola, teenoor koring, maak kanola heelwat minder riskant as koring.

Fouché se algemene wenke vir die aanplant van kanola as wintergewas in die somersaaigebiede sluit in dat dit eerder vroeër (bv. Januarie) as later geplant moet word. Die rede hiervoor is dat vestiging makliker is met die somerreën, as wanneer die vog reeds in die ondergrond is. Sy aanbevelings vir die droër gebiede en seisoene, van toepassing op kanola as weiding- of as dubbeldoelgewas vir beweiding en oes, is die volgende:

seisoen is, sal die kanola baie vinnig kompenseer en genoeg weiding en saad produseer.

- In 'n droë seisoen kan die kanola vroeër beweï word om die plantgroeï en voggebruik te verminder – plante wat groot en welig groei gebruik meer vog en dit kan voorkom word deur die gewas meer dikwels te beweï.
- Plant eerder vroeër (Januarie) as later sodat die plant die vog wat gewoonlik verdamp, kan gebruik om kos te voorsien. Dit is veral van toepassing waar 'n droër laatsomer/herfs verwag word.

Fouché se evaluasieproewe en aanplantings deur kommersiële produsente in verskillende gebiede van die



'n Ploeglaag by die proefperseel naby Bethlehem het veroorsaak dat hierdie kanola se wortels sywaarts ontwikkel en nie die onderste grondvog kon bereik nie. Dit het blomvorming en dus saadproduksie beperk.

verminderde insetkoste met byvoorbeeld grondbewerking en uitgawes vir plaë en siektes. Hierdie voordele kan maak dat boere weer, ten spyte van lae koring- en mieliepryse, meer winsgewend met dié gewasse kan boer ná kanola.

- Plant eerder in wyer rywydtes van 200 mm tot 300 mm en teen laer plantdigthede van 1 tot 2 kg/ha. Indien die seisoen droog is, sal kanola in 'n laer plantestand minder water en voeding benodig en langer kan uithou. Indien dit 'n gunstige

Kanola

somersaaigebiede het in 2009 belowende resultate getoon.

'n Produsent van Hartswater het 50 ha kanola geplant om die grondgehalte waarin sy mielies en koring geplant word, te verbeter. Ten spyte van verkeerde besluite, soos te digte aanplantings, het hy in November met stroop 'n opbrengs van 4 t/ha gekry. Met inagneming van sy vervoerkoste na die parsaanleg op Swellendam het hy finansiële baie beter daarmee gedoen as met koring. Hy is van plan om vanjaar weer en meer kanola te plant.

Net voor 2009 se droë winter in die Oos-Vrystaat het 'n produsent van Reitz kanola vir beweiding aangeplant (1e week April). Hy is baie tevrede met die hergroeï en het die kanola tot middel November reeds ses keer laat beweï met 300 SA Vleismerino's met lammers. Ook hy is van plan

om weer kanola te plant, maar sal sy bestuurspraktyke aanpas.

Evaluasieproef Bethlehem

Fouché se evaluasieproef by Bethlehem het uiters ongunstige toestande beleef en nogtans belowende resultate getoon. Dié kanola is teen die einde van Maart 2009 in droë grond geplant. Weens die droë toestande het die grondbewerking vir saadbedvoorbereiding kluitte gevorm. Eers tien dae ná die reën van 1 Mei het die kanola opgekom. Kanola kan dus met sukses in droë grond geplant word, vir opkoms wanneer dit reën.

Dié proefperseel het boonop 'n ploeglaag op 'n diepte van tussen 10 cm en 20 cm, wat wortelgroei benadeel en voorkom het dat



Droëlandaanplantings van kanola in die somersaaigebiede toon belowende resultate. Kanola blyk wyd aanpasbaar te wees, soos proef- en kommersiële aanplantings in die Vrystaat en Noord-Kaap reeds toon. Hierdie kanola is naby Bethlehem afgeneem.

kán met sukses in somersaaigebiede geplant word

wortels die onderste grondvog kon bereik. Die vogtekort weens die ploeglaag het veroorsaak dat die plante vroeër ophou blom het. Met normaalweg bereikbare grondvog in die grondprofiel sal kanola met hulle penwortelstelsel deur die winter kan groei, of tot die eerste somerreën geval het. Hierdie somerreën aan die einde van die groeityd met saadvulling en olie-vaslegging is 'n voordeel wat die Wes-Kaapse boere normaalweg nie het nie.

Ná die besonder droë winter in die Bethlehem-distrik het die eerste noemenswaardige lentreë van 20 mm op 26 Oktober geval. Voordat die kanola saad kon verloor, is twee klein dele in die evaluasieproef op 10 November geoes. Die saad is tien dae kans gegee om te droog en die gemiddelde opbrengs was 5 t/ha.

Dié opbrengs is volgens Fouché

egter net 'n aanduiding van kanola se opbrengspotensiaal. Nadat die verskillende kultivars voldoende afgedroog het om regop gestroop te kan word – soos wat die meeste produsente sou doen – het vier Australiese lentrete kultivars gemiddeld 1,5 t/ha (hoogste 1,68 t/ha) gelewer. Vier Europese wintertipe kultivars het gemiddeld 1,9 t/ha (hoogste 2,31 t/ha) gelewer.

Fouché sê aanplantings by Clarens en Bloemfontein het ook getoon dat die kanola baie droogteverdraagsaam is.

Bloemfontein se aanplanting op 17 Februarie 2009 was in 'n sonneblomland waar witroes (*Albugo candida*) die kanola se saadvorming beperk het. Dit is egter nie 'n algemene siekte in kanola nie. Dié aanplanting het as weiding, slegs 11 weke ná plant, eers 12 ton droëmassa/

ha gelewer wat van middel Mei tot middel Julie deur skape en beeste benut is. Ná reën op hierdie kanola het goeie hergroei plaasgevind en kon dit vir weiding in die somer benut word.

Die kanola by Clarens is teen 19 Mei 2009 laat aangeplant en het baie koue temperature deurleef. Nogtans het goeie saadvorming plaasgevind en was die oes belowend. Hierdie kanola is weens 'n gebrek aan toerusting en ander faktore nie geoes nie.

Met die resultate wat tot dusver behaal is, hoop Fouché dat saadmaatskappye, navorsers en diensverskaffers meer aandag aan kanola-verbouing sal gee, veral onder droëlandtoestande in somersaaigebiede.

Vir meer inligting kan Petrus Fouché gekontak word by pfouché@phytoenergy.org of tel 082 779 1609.